Klein Lochieland

Nuusbrief Graad R en RR

Lourensrivierweg / Posbus 124
STRAND
Tel: 021-8548592
E-pos:
adminkleinlochieland@lochnerhof.co.za

2024-11-29

Liewe Ouers

PADPATROLLIE

Ons wil graag die volgende ouers bedank wat hierdie jaar vir ons by die padpatrollie uitgehelp het: Carina Bresler, Lizanne van Dyk, Vaudri Dippenaar, Anika Sutherland-Clark, Swys Faure, Carla Davy, Danie Meiring, Henda Mostert, Illoné du Toit, Lauraine Dyssel, Lize-Marie Nortier, Marsha Eckhardt, Phia Goussard, Renier Coetzee, Robert da Silva, Wright Theunissen, Yolandé Rautenbach, Timene Stemmet, Neill Human, Marneli Roodt, Robert Mollentze, De Wet van der Westhuizen, Lianda Scheepers en Jaco Scheepers. Dankie ook aan die personeel van Klein Lochieland vir hulle diens by die padpatrollie! Hierdie was ons grootste groep ouers nóg vandat ons die padpatrollie begin het.
Baie dankie dat julle die wind en weer trotseer het om ons kleuters se veiligheid by die pad te verseker! Ons besef Lourensrivierweg is soggens ‘n baie besige straat en ‘n ongeluk kan vinnig gebeur.

PARKERING

Ons is teleurgesteld oor die handjievol ouers wat reëls so maklik verontagsaam en met al ons maatreëls rondom die veiligheid van ons kleuters steeds op die sypaadjie parkeer vir hul eie gerief. Deur selfs die “cones” wat ons uitpak, te verskuif vir ‘n beter plek op die sypaadjie. Hierdie ouers moet besef ons is ons kinders se rolmodel en hulle is nie ‘n baie goeie voorbeeld nie. Die bure oorkant die skool het gekla en verduidelik hulle kan nie uitkom by hul oprit en sien of daar motors aankom, as daar ander motors op die sypaadjie parkeer nie. Kan ons asb hierdie laaste paar oggende en middae wat oor is, waak om op die sypaadjies te parkeer?

GRAAD R-INLIGTING:

OORSLAAPAAND (slegs vir Graad R)

Ons jaarlikse oorslaapaand vind op Dinsdag 10 Desember plaas.
Ons wil graag vir u die belangrikheid van die oorslaapaand verduidelik:
Hier is heelwat kleuters wat nog nie van hul ouers geskei was nie. Dit is ‘n goeie geleentheid vir die “eerste keer” in die veilige hande van hul Juffrou. Vir ons as onderwyseresse is dit ook ‘n lekker manier om afskeid te neem, omdat ons sommige gesiggies selde weer sien. Ter wille van die kleuters, wil ons vra dat u ‘n positiewe gesindheid ten opsigte van die oorslaapaand openbaar.
Die aangehegte deel aan die einde van die nuusbrief bevat alle inligting rakende die oorslaapaand.

Baie dankie vir al die betalings wat ons ontvang het.

Ons tema vir volgende week is: **KERSFEES**

Maandag	2 Desember:	Ons leer waaroor kersfees gaan
Dinsdag	3 Desember:	Bak-en-Brou: Versier jou eie kerskoekie
Woensdag	4 Desember:	Kom wys en vertel van jou eie gunstelingspeelding
Donderdag	5 Desember:	***Juffrou Paula verjaar. Baie geluk!*** Aantrekdag: Trek iets aan om kersfees voor te stel

Vrydag	6 Desember:	Skoolhempies en lekkertjiedag *Bring 'n sponsie en kom help om ons klas se tafels te skrop*

GRAAD RR-INLIGTING:

Ons tema vir volgende week is: **KERSFEES**
Ons persepsies is: Getal: **10**

Maandag	2 Desember:	Ons teken 'n takbok
Dinsdag	3 Desember:	Ons maak 'n telboek
Woensdag	4 Desember:	Ons teken 'n kersvader
Donderdag	5 Desember:	***Juffrou Paula verjaar. Baie geluk!*** Ons maak kersversierings
Vrydag	6 Desember:	Skoolhempies en lekkertjiedag

Geniet u naweek!

Vriendelike groete
Klein Lochieland Personeel

OORSLAAPAAND BY DIE SKOOL vir die graad R-kleuters

Die kleuters slaap in hulle onderskeie klasse. Ons gaan boeresport hou, speletjies speel, ens. Kersvader besoek ons later in die aand. Kleuters kom asb. klaar gebad skool toe.

AANKOMSTYD
Bring asb. u kleuter tussen 17:30 en 18:00. **(Nie vroeër nie, asb.)** Ons vra asb. dat u u kleuter sal aflaai en groet. As Ma en Pa te lank draai, kan hul moed hul dalk begewe.

AFHAALTYD
U kan u kleuter die volgende oggend vanaf 07:00 kom haal. Die skool sluit dan amptelik om 10:00. Die Nasorg bly oop. Onthou om die rapport en geskenk saam te neem, asb.

WAT U MOET INPAK – *Merk asb. alles wat u inpak duidelik.*

- 1 Stel skoon klere, nagklere en 1 sweetpak/warm klere
- 1 Slaapsak en kussing (opgerol)
- 1 **Klein** matrassie of ou kombers – anders gaan u kleuter direk op die vloer slaap
- Haarborsel
- Toiletsakkie: tandeborsel, tandepasta en waslap

AANDETE
- Ons voorsien die aandete
- 2 Sappies/koeldrank, duidelik gemerk, asb.

ONTBYT – *Merk die pakkie "ontbyt" en skryf u kind se naam daarop, asb.*
- 'n Plastiekbakkie (deeglik geseël met 'n deksel) met graankos en suiker of 'n toebroodjie as hul nie pap wil eet nie.
- 1 Sappie/koeldrank

LET WEL

- Melk word voorsien.
- Moet asb. nie joghurt of iets anders saamstuur wat in ‘n koelkas gehou moet word nie.
- Die kleuters moet asb. GEEN lekkers saambring nie. Ons voorsien genoeg lekkers.

Ons glo dit sal vir u kleuter ‘n heerlike ervaring wees. Die oorslaapaand maak ook ons Juffrouens se afskeid net soveel makliker.